Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Francois Genis**, 071 777 9302 of 014 743 0152, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

8 September 2017
Nr 32/2017

Warm nuus!

2017 Lentekonferensie: Het jy al ingeskryf?

Datum: ***19-21 September 2017*** by NG Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria.

✸ NB Die **sluitingsdatum vir inskrywings** is Dinsdag, *12 September 2017*.
Inskrywings kan aanlyn gedoen word by http://www.excelsus.org.za/lentekonferensie.html

***NB: Predikante van die Noordelike Sinode** wat dit graag wil bywoon, maar wie se gemeentes nie voorsiening maak vir die kostes nie, kan die direkteur Paul Grobler, kontak by paul@noordsin.co.za.*

Predikante Wegbreek

Ons nooi graag al ons kollegas in die sinode hartlik uit na ons predikante wegbreek vir 2017!

Datum: ***28-30 November 2017***
Plek: Rock Lodge, naby Vaalwater
Leraars ontvang ook **VBO-erkenning**
Kliek hier vir die volledige inligting!
✸ **Skryf vandag nog in!**

Leraarsontwikkeling: *30 Oktober -1 November 2017* [15 VBO-punte]

Dit is min dat predikante die geleentheid kry om binne 'n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en daarna aksieplanne op te stel om areas waar daar nog groei nodig is, aan te spreek. Die Noordelike Sinode se taakspan vir leraarsontwikkeling skep nou sulke geleenthede om predikante te ondersteun sodat hulle in die gemeente of bedieninge waar hulle tans is, lewensgeluk en bedieningsvreugde kan ervaar.

Ons wil predikante uitnooi om deel te word van die eerste amptelike geleentheid waar ons nege predikante in ons sinode die geleentheid wil gee om die proses te deurloop. Dit vind hierdie jaar plaas van 30 Oktober tot 1 November by NG Kerk Kameeldrif. [**Lees asseblief die volle uitnodiging hier**...]

Sinodale nuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op ***12 September 2017*** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.

** **Skriflesing**: *Rom 14:1-12*

** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Skoolverwisselingskamp vir graad 7 leerlinge:

Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied 'n **Skoolverwisselingskamp** aan vir alle Graad 7's, te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong).

Volgende jaar lê met groot opwinding en tog groot onsekerheid voor, vir hierdie groep jongmense ... *Hoërskool; Nuwe vakke; Dalk koshuis; Nuwe vriende ...*

Om die jongmense te help om al hierdie veranderings te hanteer, word dié kamp aangebied, wat beslis 'n heerlike belewenis sal wees wat hul nooit sal vergeet nie!

Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf Maandag, ***2–6 Oktober 2017***

Bekende leraars van die NG Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as **Geestelike leiers**. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.

Die **koste** vir die kamp beloop **R700** per persoon PLUS busgeld van **R120-00** vir die Pietersburg- en Potties bus.

Navrae: Skakel gerus die kampleier ***ds Jacques Erasmus*** [sel 072 653 9845, epos: ds.jacques.erasmus@gmail.com]

Inskrywingsvorms beskikbaar by: ***Me Anita Hurn*** [tel 015 491 3537, faks, 015 491 3537 / 086 547 2382 of e-pos: admin@ngpottiessuid.org.za

****

Personeel: Ons het ook plek vir 'n klompie jongmense (Belydenisklas / Gr 11 jongmense) om as **"personeel"** saam te kamp. Die personeel kamp vanaf: Saterdag**,** ***30 September 2017*** (09:00) ***tot*** Vrydag, ***6 Oktober 2017*** saam met ons.

NB: Personeel **moet** die verpligte personeel opleidingsnaweek, van *30 September en 1 Oktober 2017* bywoon!

Die **koste** vir dié kamp beloop **R700** per persoon.

Kollega nuus

❖ Siekte/hospitaal

Zelda Massyn (Rustenburg-Moeder) is in die hospitaal.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

18/09 Herman Carelsen [Florauna, 082 460 0646, carelsen@absamail.co.za]
22/09 Paul Lübbe [Montana, 082 776 0851, jpahml@gmail.com]

****

17/09 Alta Swart [Magalieskruin, 012-548 1565, alkmaar.swart@telkomsa.net]
20/09 Karien Pretorius [Kameeldrif, 012-808 1421, willem007@me.com]
21/09 Monika van Tonder [Lynnwood, 012-361 4072, immamuel@vantonder.org.za]

Gemeente nuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Krokodilrivier [Gestig 16/09/1914]

Bendorpark [Gestig 20/09/1981]
Overkruin [Gestig 22/09/1978]

❖ **Rivieria-Jakaranda: Gemeentefees 75 jaar**
Datum: ***15 Oktober 2017***
09:00 Gemeentefees: In kerk en alle lidmate en oud-lidmate word uitgenooi na die feesdiens.
12:00 Gemeente-ete: *Lidmate wat die gemeente-ete wil bywoon, moet die kerkkantoor nie later nie as 29 September kontak om te bevestig hoeveel lidmate teenwoordig gaan wees*.
Navrae en bevestiging: Kerkkantoor, tel 012 3293601

Ander nuus

❖ **Ekofaktorkamp [graad 5 & 6 leerders]**
Die Projekspan vir Ekologie [*Oostelike Sinode*] reël weer 'n **Ekofaktorkamp** vir alle **Graad 5 en 6 leerders** vanaf ***1 tot 4 Oktober 2017***. Om die kamp nog beter bereikbaar te maak, word 2017 se kamp meer sentraal gehou by **Bergenrivier** (tussen Bronkhorstspruit, Groblersdal en Witbank). By hierdie jaar se kamp gaan geleer word *Hoe om water, wat vir ons lewe gee, te gebruik, sodat daar vir almal en alles genoeg is om te kan lewe op aarde.*

- Die koste is R350,00.
- Skryf in by Tersia Petzer, ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543.
  - Die sluitingsdatum is *20 September*.

[Lees hier meer]

❖ **Nuusbriewe**

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
  Hierdie week is die fokus op die jongste ***Kerkbode*** en die Oktober-uitgawe van ***LiG.***

  [Lees hier verder...]

- **CLF-nuus: Lektuur vir Toerusting Sondag (10 September)**
  Met dissipelskap, missionaalwees en gestuurdheid op almal se lippe, kan gemeentes slegs gehoorsaam wees aan die opdrag om 'n verskil te maak, deur die aktivering en bemagtiging van elke lidmaat om 'n positiewe impak in gemeenskappe te maak.

  [Lees hier verder...]

❖ **Kursus in Spirituele Begeleiding: 2018**
Die kursus, aangebied deur die Ring van Suidoos-Pretoria, word oor 15 maande in 7 blokke aangebied, die eerste en tweede laaste by 'n retreat-sentrum naby Pretoria, en die res by die NG Kerk Stellastraat in Brooklyn, Pretoria.
Die datums vir 2018 is die volgende: ***18-23/2; 10-12/4; 5-7/6; 14-16/8; 16-18/10*.**
Vir navrae, stuur asseblief 'n e-pos na wnicol@mweb.co.za of kontak hom by 083 966 7831.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Goeie reënseisoen.**
- **Vergadering van die Algemene Sinode se moderamen (ASM): 11-13 September 2017.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Môregloed: Vakature – Leraar (Vaste termynpos van drie jaar)**
Gemeenteprofiel

- Die gemeente is deel van die Noordelike Sinode van die NGK en val binne die ringsgebied van Derdepoort.
- Die gemeente is geleë in die residensiële gebied van Môregloed, 'n voorstad in die Moot van Pretoria.

- Die gemeente bestaan uit 328 belydende- en 71 dooplidmate. Die ouderdomsverspreiding is; bo 60: 34.7%, 46-59: 18.7%, 26-45: 23.1%, onder 25: 7.7% en vereis spesifieke aandag vir elke ouderdomsgroep.
- Die bedieningsmodel is 'n kombinasie van die herder/kudde en liggaam van Christus model.
- Die groot aantal lidmate bo 60 vereis 'n baie persoonlike bediening. Siekesorg stel hoë vereistes.
- Al die bedieningsvereistes soos bepaal in **artikel 9** van die kerkorde is vir die kerkraad en gemeente belangrik.

Leraarsprofiel

Die suksesvolle kandidaat sal 'n leraar wees wat die gemeenteprofiel met entoesiasme en toewyding in ag sal neem.

Aansoekprosedure

Belangstellendes stuur 'n beknopte CV (2 A4) aan die kerkkantoor en voltooi 'n vraelys wat by die kerkkantoor beskikbaar is. Sluitingsdatum is 29 September 2017. Kandidate op die kortlys moet instem tot deelname aan 'n gedragsontledingstoets (DISC) op koste van die kerkraad.

Vergoeding.

'n Alles insluitende pakket tot 'n maksimum van R465,000.00 (TKVI) word aangebied en is nie onderhandelbaar nie. Die pakket kan belastingvoordelig gestruktureer word en sluit alle toelaes byv. behuisings- en motortoelae in.

Diensaanvaarding.

Teen ***1 Januarie 2018*** of so spoedig moontlik daarna.

Die Kerkraad behou hom die reg voor om sonder opgaaf van redes nie 'n aanstelling / beroep uit die aansoekers uit te bring nie.

Navrae

Ds Willem Kritzinger (012 331-0889 / 082 417 1989). Epos: willemkritz@gmail.com of die administratiewe beampte (Ilse van Hemert) (082 434 6499). Epos: ilsevh@ngkerkmoregloed.co.za

❖ Wonderboom-Suid: Vakature – Leraar [3 jaar vaste termyn]

Gemeente Profiel:

Die Wonderboom-Suid Gemeente bestaan reeds 71 jaar. Ons is 'n voorstedelike gemeente in die Moot-area in Pretoria met 470 belydende lidmate waarvan 46% ouer as 60 jaar is, en 80 dooplidmate. Die gemeente is verdeel in wyke wat woonhuise en woonstelle insluit. Verskeie laerskole, hoërskole en hospitale is binne 'n 7 km radius vanaf die gemeente geleë. Gemeente Leuse: "Ons géé onsself in gemeenskap en diens."

Aansoek:

Aansoek moet per e-pos gestuur word aan NG Wonderboom Suid by ngwbs@mweb.co.za.
Aansoek moet 'n volledige CV (maksimum 3 bladsye) en minstens drie verwysings insluit.

Sluitingsdatum vir aansoeke : *31 Oktober 2017*

Navrae:

Me Susan van As (Skriba) - 012 331 0494 - Kantoor ure: Di 09:00 – 13:00, Wo & Do 14:00 – 18:00, Vr 09:00 – 12:00
Ds Johan van As (Voorsitter van die Kerkraad) – 012 331 5728 / 083 707 2952 (Na 18:00 weeksdae)

❖ Stellenberg: Vakature - Voltydse leraar

Stellenberg, 'n makrogemeente in die noordelike voorstede van Kaapstad, het ongeveer 5 500 lidmate en word bedien deur vyf voltydse leraars en een pastorale hulp. Daar is ook 'n voltydse kinderwerker in diens van die gemeente. Hierdie gemeente het 'n vakature vir 'n voltydse leraar.

- **Aansoeke vir die vakature sluit** op *6 Oktober 2017*.

[Lees hier verder...]

2016 Proponente

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:

- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by 078 095 0616; antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** – Kliek hier

Ten slotte

BYLAES

Leraarsontwikkeling
Predikantebegeleiding

Leraarsontwikkeling: 30 Oktober - 1 November 2017

Dit is min dat predikante die geleentheid kry om binne 'n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en daarna aksieplanne op te stel om areas waar daar nog groei nodig is, aan te spreek. Die Noordelike Sinode se taakspan vir leraarsontwikkeling skep nou sulke geleenthede om predikante te ondersteun sodat hulle in die gemeente of bedieninge waar hulle tans is, lewensgeluk en bedieningsvreugde kan ervaar.

Ons wil predikante uitnooi om deel te word van die eerste amptelike geleentheid waar ons nege predikante in ons sinode die geleentheid wil gee om die proses te deurloop. Dit vind hierdie jaar plaas van ***30 Oktober tot 1 November*** by NG Kerk Kameeldrif.

Dit gaan soos volg werk:

1. *Die predikant word 'n deelnemer óf op grond daarvan dat hy/sy deur die taakspan uitgenooi word, of omdat hy/sy self versoek het om deel van die proses te word. 'n Predikant kan ook deel van die proses word omdat sy/haar*

ring met 'n proses in die gemeente besig is en dit daarom wenslik ag, óf omdat die gemeente/kerkraad dit versoek het.

2. *Die predikant word gevra om 'n vraelys op gelykkansige wyse deur vyf persone oor hom/haarself te laat invul en aan te stuur. Die taakspan verskaf die vraelys.*
3. *Die predikant (deelnemer) meld vir 'n periode van drie dae by die gesprekke aan.*
4. *Daar word een begeleier vir die drie dae aan elke predikant toegewys wat die hele proses meemaak. Die predikant bring ook sy/haar mentor saam. Die drie persone vorm saam 'n span en werk vir die drie dae as 'n eenheid saam. Indien die predikant nie 'n mentor het nie, kan ons help om 'n geskikte mentor te kry.*
5. *Aan die einde van die proses is daar 'n omvattende terugvoer-sessie waarin al die terugvoere en evaluerings geïntegreer word. Dit vind nooit in die groot groep plaas nie, maar slegs in 'n gesprek tussen die predikant, die begeleier en die predikant se eie mentor.*
6. *Aan die einde van die drie dae word 'n aksieplan saam met die predikant en sy/haar mentor opgestel*.

Reiskoste na Kameeldrif en etes word voorsien. Indien die predikant of sy/haar mentor nie self slaapplek in Pretoria het nie, is julle welkom om te skakel dat ons vir julle slaapplek reel. Dit is noodsaaklik dat almal die volle tyd teenwoordig moet wees.

Predikante wat belangstel om die proses te deurloop, moet hulle name vóór *15 September 2017* aan Hermien stuur – hermien@noordsin.co.za

Skakel gerus ons taakspanleier vir leraarsontwikkeling, Roelf Opperman op sy selfoon 0823351156 as jy meer inligting benodig.

Predikante wat bywoon ontvang 15 VBO-punte.

Terug

Predikante Wegbreek

DATUM: 28-30 November 2017
PLEK: Rock Lodge naby Vaalwater
KOSTE: VIR DIE SINODE SE REKENING!

Ons nooi graag al ons kollegas in die sinode hartlik uit na ons predikante wegbreek vir 2017!

Gedurende dié geleentheid gaan daar ruim tyd vir gesamentlike afpaksessies en Bybelgesprekke en rus wees. Verder wil ons sommer oor ons bediening in die algemeen gesels. Dié geleenthede gaan gestruktureerd, maar informeel van aard wees. Daar gaan tyd wees om sommer net saam te kuier en ook te rus.

Die wegbreek is vir die rekening van die sinode. Dit gaan jou gemeente slegs jou reiskoste na een van die sentrale vertrekpunte kos (indien so iets nodig sou wees om te reël). Ons wil kollegas aanmoedig om waar moontlik reëlings te tref om saam te ry.

Vervoerreëlings en presies vanwaar daar uit verskillende rigtings vertrek word, sal met diegene wat inskryf gereël word. Daar word gewoonlik gepoog om kollegas uit dieselfde omgewing te laat saamry. Die sinode kan ongelukkig nie vir die wat met eie vervoer wil gaan wanneer daar saamry geleentheid bestaan, se reiskoste instaan nie.

Ons **program begin Dinsdag 28 November 2017 stiptelik om 11:00** by Rock Lodge waar ons sal tuis gaan. Ons poog om die laaste dag (30 November 2017) nie later nie as 16:00 reeds terug te wees by die plek vanwaar onderskeidelik vertrek is.

Bywoning van die volle tydsduur is belangrik en daarom kan ons ongelukkig nie toestemming verleen dat kollegas laat kom of vroeg vertrek nie.

Omrede die bywoning van die wegbreek-geleentheid vir elke leraar van ons sinode so belangrik is en die program deeglik beplan is om kollegas werklik te ondersteun en te laat ontspan, **ontvang elkeen wat dit bywoon ook VBO-erkenning.**

SKRYF VANDAG NOG IN!

Inskrywings geskied per e-pos en wel http://www.predikantewegbreek.yolasite.com **of per e-pos by Hermien Swart** Hermien@noordsin.co.za.
Paul Grobler kan ook in verband met enige navrae gekontak word by.

Terug

BYBEL-MEDIA nuusbrief 16/2017

Lees in die jongste Kerkbode ...

In Kerkbode van 8 September is daar nuus oor gesprekke oor kerkeenheid, oor 'n inisiatief van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke om waardes in Suid-Afrika te vestig en korrupsie te bestry, en oor 'n NG gemeente wat nou doleer.
Lees oor die hulp wat die Vrystaatse sinode verleen om mense te ondersteun na plaasaanvalle en oor vroue wat die leiding geneem het tydens die Reformasie.
Daar is 'n verhaal van 'n inpirerende werkskeppingsprojek in Stellenbosch en nog 'n verhaal van nog so 'n inspirerende projek op Hofmeyr in die Oos-Kaap.
Lees ook oor bendes en die moeilike taak vir die kerk om vir jong mense 'n alternatief te bied.

Oktober-uitgawe van LiG ...

In die Oktober-uitgawe van LiG vier ons 500 jaar van die Reformasie en sien hoe Christus steeds sy kerk vernuwe.
Die sangeres Andriëtte vertel dat sy nie kan ophou om dankie te sê nie. En Jans Rautenbach se Almeri vertel van sy ryk nalatenskap.
Ons vind inspirasie by 'n rolstoelrugbyspeler wat die lewe kies en 'n tweeling wat albei borskanker moes trotseer.
LiG kuier ook by 'n gesin wat uitgereik het na Siriese vlugtelinge.
LiG maak ouerskap maklik met ses prettige maniere om jou kind te dissiplineer en help ouers om kop te hou met eksamenstres.
LiG is vanjaar 80 jaar oud! En steeds bied ons Christelike inhoud wat gesinne en gelowiges verryk en inspireer.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

CLF nuusbrief:

Lektuur vir toerustingsondag – 10 September 2017

"Ons glo soms maklik wat vir ons maklik is om te glo. Maar die pad agter Jesus aan is tog 'n kruisweg, een wat altyd uitloop op 'n plek en 'n tyd waar die spykers in ons eie wil en begeertes en gierighede en luste en stereotiperings en vooroordele en liefdeloosheid vasgekap moet word. Sodat die Gees wat ons in die hele waarheid lei, ons op dié manier kan vrymaak om Jesus in woord en daad en stilbly en weerhouding te volg." *(Uit: **Seisoene van genade** – Dr Barend Vos se opdragwerk by herdenking van Christelike Lektuurfonds se sestigjarige bestaan – beskikbaar)*

Met dissipelskap, missionaalwees en gestuurdheid op almal se lippe, kan gemeentes slegs gehoorsaam wees aan die opdrag om 'n verskil te maak, deur die aktivering en bemagtiging van elke lidmaat om 'n positiewe impak in gemeenskappe te maak.

Lidmate moet gehelp word om hul gawes te ontdek en hulle moet toegerus en gelei word, sodat hul as deel van die Liggaam van Christus kan funksioneer.

Die volgehoue proses van toerusting is vir nodig is vir geestelike groei van individue en gemeentes as geheel.
Christelike Lektuurfonds wil graag gemeentes weer bewusmaak van voorbeelde van lektuur wat beskikbaar is om gemeentelede toe te rus:

- Pragtige en kleurvolle gratis pamflette met verskillende onderwerpe wat benut kan word om die evangelie te verkondig, geestelik te versterk, hoop te gee en te bemagtig om regte lewenskeuses te maak.
- "Say it in isiXhosa/Sê dit in isiXhosa": Xhosa grammatika publikasie - om die taal van 8 miljoen Suid-Afrikaners te leer ken, verstaan en praat, sodat die evangelie in hul hartstaal gekommunikeer kan word (@ R90 – posgeld uitgesluit)
- "Shout is loud": 30 multi kulturele, multi-rassig en multi-talige preke wat die goeie nuus van God se verlossing verkondig (@ R120 – posgeld uitgesluit)
- "Vertel,Vertel" geloofsgroeireeks vir 8-16 jariges vir gebruik in jeugbediening of geloofsgroei in gesinskonteks. (5 boeke @ R75 elk – posgeld uitgesluit)
- "A simple guide on mission and evangelism": Eenvoudige handleiding om oor taal, kultuur, ekonomiese en geografiese grense missionaal uit te reik met die goeie nuus van die evangelie.(@ R30 – posgeld uitgesluit)
- "Gestuurdes – saam, met woord en daad" – 'n publikasie deur Prof Dons Kritzinger wat fokus op ons roeping tot sending. (@ R50 – posgeld uitgesluit)
- "Mattheus, volg My!" – Herman Breytenbach omskep Mattheus in 'n werklike vlees-en-bloed persoon wat net soos ons al die ervaringe van die lewe deurgaan om uiteindelik net een waarheid – om Jesus te volg – te ontdek. (@ R130 – posgeld uitgesluit)
- "Die Evangelie van Johannes" – Herman Breytenbach se pragpublikasie as ideale metgesel as jy 'n pad van geestelike verdieping wil aanpak. (@ R160 – posgeld uitgesluit)

Besoek gerus ons webwerf by www.clf.co.za om die wye verskeidenheid publikasies wat beskikbaar is te sien en te bestel of skakel 021 8736964 vir verdere navrae.

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Vakature: NG Stellenberg
Voltydse Leraar

Gemeenteprofiel
Stellenberg is ’n makrogemeente in die noordelike voorstede van Kaapstad en bedien woongebiede soos Eversdal, dele van Durbanville, Stellenberg en ook verskeie ander areas buite die tradisionele gemeentegrense van Stellenberg. Daar is ongeveer 5 500 lidmate betrokke by die gemeente, wat bedien word deur vyf voltydse leraars en een pastorale hulp. Daar is ook ’n voltydse kinderwerker in diens van die gemeente.

Leraarsprofiel
 ’n Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk
 ’n Leraar wat die Here liefhet en dien en wat ook baie lojaal is aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
 Die breë spektrum van gemeentebediening is belangrik vir hierdie pos. Dit sluit in alle vorme van pastoraat, prediking, gemeentebestuur, dissipelmaking en familiebediening.
 Bewese ervaring in gemeentebediening is ’n vereiste en spesifieke ervaring en vaardigheid in die bediening van kleingroepe, sowel as familiebediening is ’n sterk aanbeveling.

Aansoekproses
 Belangstellendes word versoek om ’n volledige CV met die name en kontakbesonderhede van drie persone wat as verwysings gekontak kan word, te voorsien.
 Indien versoek word, moet die aansoeker bereid wees om ’n onderhoud by Stellenberg te kom voer met lede van die Pre-advieskommissie.
 Belangstellende leraars wat op die groslys kom, mag versoek word om ’n opname in digitale vorm aan te stuur van ’n preek wat gelewer is gedurende die afgelope drie maande.

Vergoeding en verblyf
’n Vergoedingspakket, volgens sinodale riglyne, sal onderhandel word.
’n Pastorie is beskikbaar vir die leraar en sy/haar gesin.

Sluitingsdatum vir aansoeke
Vrydag 6 Oktober 2017

Kontakbesonderhede waarheen aansoeke gestuur kan word
Die voorsitter van die Diensverhoudingekommissie: stellenberg@stellenberg.co.za.

Terug